

7. WOORDSOORTE: WERKWOORDE, INFINITIEF EN DEELWOORDE (bl. 21–23)

OEFENING 1 (bl. 21)

1. Selfstandige werkwoord
Hulpwerkwoord
Koppelwerkwoord
2. Oorganklik – werkwoord word gevolg deur 'n voorwerp.
Onoorganklik – geen voorwerp volg die werkwoord.
3. Die skip gaan onder die water. (Skeibaar)
Ek ondergaan 'n verandering in voorkoms. (Onskeibaar)
4. Die voorwerp en onderwerp is dieselfde persoon.
5. onpersoonlike
6. **be-, ge-, her-, ver-, ont-, on-**
7. sal
het
8. vorm
9. Dit druk 'n moontlikheid uit.
10. *is/was/lyk/blyk/skyn/heet/klink/raak*
Koppeling met byvoeglike naamwoord, selfstandige naamwoord en voornaamwoord.
11. Deur die woorde *om te + werkwoord* in die sin te sien.
12. **-de, -ende, -te**
13. Swak verlede deelwoord – stamvokaal verander nie, bv. *gebreekte* takke.
Sterk verlede deelwoord – stamvokaal verander, bv. *gebroke* hart.